**Vrydag 21 Julie**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-16**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:4**
**Die Heilige Gees gee sekerheid van verlossing**

Hoe seker is jy dat jy verlos is en dat niks jou van hierdie verlossing kan beroof nie? Wysheid kan ’n glibberige onderwerp wees. Ons wêreld is verdeel in kampe waar elke party homself as wys aanskou en die ander as dwase beskou. Hoe kan ’n mens weet wie se wysheid dan reg is? So is dit met die evangelie ook: sommige mense gryp dit aan as wysheid, en ander bespot dit as dwaasheid.

Die Heilige Gees bring rypheid, sodat die evangelie van Jesus Christus as gekruisigde vir ons wysheid is. Sonder die Heilige Gees kan Jesus as gekruisigde nie vir ons sin maak nie: God wat mens geword het, onskuldig tot dood veroordeel is en oorwinning deur ’n pynvolle en vernederende dood vir al die burgers van sy ewige koninkryk gebring het. Tog getuig die Heilige Gees in ons dat dit waar is. Ons is nie oortuig dat dit waar is omdat iemand genoegsame menslike wysheid het om ons daarvan te oortuig nie, maar omdat die Heilige Gees so kragtig in ons werk.

Juis omdat geloof deur die Heilige Gees gebring word, hoef ons nooit te huiwer om die evangelie met ander te deel nie. Dit is nie jou wysheid of groot woorde wat ander tot geloof kan bring nie, maar die kragtige werking van die Heilige Gees deur die verkondiging van die Woord.

Ons behoort elkeen 100% sekerheid te hê dat ons reeds verlos is, omdat Christus ons Verlosser is; omdat ons 0% bydra tot ons verlossing. As jy nog nie 100% seker is dat Christus se verlossingswerk jou 100% verlos het nie, gryp daagliks vas aan Christus as gekruisigde en bid dat God ook vir jou sekerheid van verlossing sal gee deur die kragtige werk van die Heilige Gees, en dat jy ook ewig in heerlikheid by God sal wees.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Vanderbijlpark Trinitas)*